

15 April

Lukas 22:35-53 (22:50-51)

Die priesterslaaf se oorbloed - Jesus profeties aan die werk

Jesus se eerste wonderwerk was in sy familiekring. Sy ma het hom gevra om te help met die wyn wat opgeraak het, en dan sien ons dat Jesus se laaste wonderwerk voor sy kruis, was in die slawekring. Van sy eie familie tot die slawe, so wyd, so diep, strek die werk wat Jesus hier op aarde kom doen het. En Jesus werk profeties, priesterlik en koninklik.

Die genesing van Malchus se oor is van profetiese waarde, want 'n mens besef Malchus se oor sou verskriklik gebloei het, en Jesus se hande was al geboei gewees. Met geboeide hande genees Jesus die man, en nooit sou Jesus tyd hê om daardie man se bloed van sy hande af te was nie. Toe Jesus aan die kruis sou sterf, toe sit daar aan sy hande nie net sy eie bloed nie, maar ook die bloed van die priesterslaaf het aan sy hande gesit. Profeties sê dit vir ons - Jesus het ons bloed op Hom geneem, ons sondebloed het Hy na die kruis toe gevat, om vir ons sy bloed te gee. En selfs nie net die orebloed nie, maar die weer gesonde oor, aan Malchus se kop, sou profetiese vrae aanwakker. Die wêreld het gedink hulle boei 'n misdadiger, die geboeide hande is egter hande wat genees, en aan die kop van Malchus is 'n gesonde oor, wat by Kajafas sou spook. Toe dit later gesê word, dat Jesus se liggaam is uit die graf gesteel, om die waarheid die nek in te slaan dat Jesus uit die dood opgestaan het, dan sou Kajafas darem maar moes wonder. Hy het hierdie slaaf van my se oor so wonderbaarlik herstel, is hierdie wonder van die opstanding nie dalk ook moontlik nie?

Ds. P.J. Venter (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)